

# 5

## EK EN DIE WÊRELD

# Barmhartige Samaritaan

### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat mense wat deur ander verwerp word, ook aan God kan behoort.

### SPESIFIEKE DOELSTELLING

#### Kennis

- Die kinders moet weet dat gelowiges se naaste selfs verwerpte mense insluit.

#### Gesindheid

Die kinders van God moet bereid wees om –

- verwerpte mense met liefde en respek te behandel.
- hulle naaste uit dankbaarheid te dien.

#### Vaardigheid

Die kinders moet –

- die gelykenis van die barmhartige Samaritaan kan oorvertel.
- konkreet iets vir dié wat verwerp word, gaan doen.

### MEER INLIGTING (Lukas 10: 25-37)

Wie is 'n mens se naaste? Oor hierdie vraag wonder ons self ook baie keer. Daar is verskeie redes. Mense maak misbruik van ons goedheid. Ons wil nie meer vir iemand geld gee vir kos nie, want hy gaan koop dalk iets soos drank of dwelms daarmee. Daarom besluit ons om liever niks te doen nie. Tog weet ons dat ons nie ons dankbaarheid teenoor die Here vir al sy goedheid so kan uitleef nie. Daar is baie geleenthede in 'n mens se gemeente, dorp en die skool om uit te reik en liefde te bewys. Die Here gee vir ons baie geleenthede waar ons mense kan help.

Ons lees in die Bybel van rowers wat 'n man seergemaak, beroof en net so gelos het. Dit was sekerlik vir hom 'n baie slegte en verskriklike dag in sy lewe. Hulpeloos het hy daar gelê. Die beseerde man was heel waarskynlik vuil en vol bloed. 'n Priester en Leviet wat daar verby gekom het, het hom net so laat lê. Hulle het verkies om ander kant toe te kyk.

'n Samaritaan wat ook daar verbygekom het, sien die man in nood, kry hom jammer en help hom. Die Jode en die Samaritane het mekaar gehaat. Die Jode het die Samaritane as onreine mense beskou. Die Samaritane was 'n volk wat ontstaan het toe die Jode en die volke van Kanaän met mekaar getrou het. Hy vergeet van homself en waarheen hy op pad was. Hy gee nie om of hy dalk vuil, vol bloed of stof sal word nie. Hy versorg en verbind die beseerde man se wonde. Hy laai hom op sy rydier en neem hom na 'n herberg om hom daar te versorg. Hy doen nog meer moeite en betaal die eienaar van die herberg om hom nog verder te versorg. Hy het die geleentheid wat op sy pad gekom het om naasteliefde te bewys, aangegryp. Hy het nie aan homself gedink nie, hy het aan die beseerde man gedink. Hy het sy geloof en sy dankbaarheid teenoor die Here op dié wyse uitgeleef.

Die Samaritaan se naasteliefde het uit die volgende bestaan:

- Hy het die beseerde man jammer gekry.
- Hy het hom fisies gehelp.
- Hy het goed gedoen aan iemand wat nood gehad het.

Ons sien dikwels mense wat in nood verkeer. Dalk kry ons hulle jammer, maar voeg nooit die daad by die woord nie. Ons help nie. Ons hou dalk nie van hulle nie of ons is bang om goedheid word misbruik.

In baie gemeentes is daar mense wat nood het. Kom ons loop nie net verby nie, maar vra waar ons kan help. Kom ons gebruik ook die geleentheid wat God ons gee om liefde te bewys.

## AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Gekleurde stuk karton vir elke kind.
- Kleefplastiek of gewone plastiek.
- Maak voete soos hieronder van karton.



## KOM ONS BEGIN

Lees of sing Gesang 546 en vra of een van die kinders wil bid.

*'n Man was van Jerusalem  
na Jerigo op pad.  
Die rowers het hom aangeval  
en al sy goed gevat.*

*'n Priester het daarlangs gekom,  
maar net verbygegaan.  
Ook die Leviet het hom sien lê  
en in sy pyn laat staan.*

*Maar toe het daar 'n vreemdeling  
uit jammerte gestop.  
Sy wonde is toe skoon gewas  
en kry ook olie op.*

*Hy neem hom na die herberg toe  
en haal twee munte uit.  
Wanneer hy later weer daar kom,  
betaal hy elke duit.*

*Nou wie van hierdie drie, dink jy,  
het naastediens verstaan?  
Die priester en Leviet het nie,  
net die Samaritaan.*

*Het jy die storie mooi verstaan?  
Wil jy vir Jesus dien?  
Dan moet jy elke mens om jou  
ook as jou naaste sien. Amen.*

## HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of hulle die vorms by Les 3 uitgeknipt en in hulle Bybels gesit het.
- Laat hulle vir die klas vertel waar Jesus nog ander siekes gesond gemaak het.
- Laat hulle vertel hoe hulle siekebesoek afgeloop het.
- Kontroleer of hulle Matteus 8: 3 kan opsê: Toe steek Jesus sy hand uit, raak hom aan en sê: "Ek wil. Word gesond!" En sy melaatsheid was onmiddellik weg.

Kontroleer of hulle die volgende vrae in hulle werkboeke beantwoord het en die antwoorde ken:

- Hoekom het siekes in Jesus se tyd lank siek gebly? *Daar was nie sulke goeie dokters soos wat ons vandag het nie.*
- Waarom is siek mense in daardie tyd dikwels vermy? *Die mense wat saam met hulle geleef het, was bang dat hulle by hulle sou aansteek en dan ook siek sou word.*

- Wat was Jesus se optrede teenoor die melaatse man? *Jesus het die melaatse man gehelp en hom nie vermy nie.*
- Hoe wil Jesus hê moet ons optree teenoor mense in nood? *Jesus wil hê ons moet omgee vir mense in nood en hulle help.*
- Hoe het God veral aan ons barmhartigheid bewys in Johannes 3: 16? *God het sy Seun gestuur, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*
- Watter opdrag gee God aan ons in Galasiërs 6: 2? *God gee die opdrag dat ons mekaar se laste moet dra en so die wet van Christus vervul.*
- Watter diensgroepe bestaan in die gemeente om barmhartigheid aan lidmate te bewys? *Diensgroep vir bejaardes, diensgroep vir siekes, diensgroep vir huweliks- en gesinslewe, diensgroep vir enkelouers, diensgroep vir materiële nood, diensgroep vir bedroefdes, ensovoorts.*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

As julle so rondkyk in die omgewing, dink julle daar is baie mense wat in nood verkeer? Gesprek volg, en die kinders kan van hulle ondervindings vertel.

Ja, daar is mense naby ons wat probleme het, maar ook in ons Kerk, by die skool en in ons dorp.

Soos julle weet, is die opdrag van God dat jy jou naaste moet liefhê. Daarom moet ons alles in ons vermoë doen om mense te help wat dit nodig het. Selfs mense wat ons nie ken nie.

Die volgende mense kom almal in ons omgewing voor: bedelaars, verslaafdes, oumense, siek mense, mense wat baie arm is, hartseer mense en ongelukkige mense. Daar is 'n gesegde wat sê: *'n Mens gee eers wanneer jy van jouself gee.* Dit maak 'n mens gelukkig wanneer jy ander kan help. Probeer dit 'n bietjie in die volgende week.

### **IETS INTERESSANT**

Praat oor die gegewens by MEER INLIGTING en beklemtoon belangrike feite.

### **IETS BELANGRIK**

Laat elke kind een of twee versies uit Lukas 10: 25 -37 voorlees.

### **IETS OM TE DOEN**

Plaas die kartonvoete teen die muur of bord. Op die linkervoet skryf een van hulle: *Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring.* Op die regtervoet skryf een van hulle: *Wat gaan jy doen om soos die barmhartige Samaritaan op te tree?* Die kinders beantwoord die vraag byvoorbeeld soos volg: *Ek moet alle mense in nood help.* Laat hulle ook die opdrag in hulle boek voltooi, deur hulle voet op 'n stuk karton uit te knip en dit uiteindelik in hulle Bybel te bêre.

## BY DIE HUIS

### DOEN

Laat hulle by hulle ouers gaan uitvind wie hulle as gesin dalk nog altyd gedink het nie hulle naaste is nie. Laat hulle dan die een of ander guns aan daardie persoon gaan bewys en hom of haar vertel hoekom hulle dit doen.

### LEER

Laat hulle die volgende woorde op die regte plekke invul en leer:

(barmhartige Samaritaan, heiden, boewe, Leviet, gelos, priester, Samaritaan, nood, homself, anders, herberg, betaal, dankbaarheid, barmhartigheid, naaste, betrokke, naasteliefde, liefde, geloof)

- In Lukas 10: 25-37 lees ons van die *barmhartige Samaritaan*.
- 'n Man wat op reis was, is deur *boewe* aangeval.
- 'n *Leviet* en 'n *priester* wat verby hom geloop het, wou nie aan hom raak nie, en het hom net so *gelos*.
- Die *Samaritaan*, wat as 'n *heiden* beskou is, het die man in *nood* gehelp.
- Hy het nie aan *homself* gedink nie maar aan iemand *anders* wat in nood was.
- Die Samaritaan het die gewonde man na 'n *herberg* geneem.
- Hy vra dat die mense die man moet versorg. Hy het ook daarvoor *betaal*.
- Ons behoort ook *barmhartigheid* aan ander mense te bewys.
- So moet ons ook *liefde* aan ons *naaste* op 'n konkrete manier kan bewys.
- Die Samaritaan het die geleentheid wat op sy pad gekom het om *naasteliefde* te bewys, aangegryp.
- Hy het sy *geloof* en sy *dankbaarheid* teenoor die Here op dié wyse uitgeleef.
- Ons moet *betrokke* raak in ander mense se lewens en nie net by die naaste aan ons nie.

### AFSLUITING

Sluit af met Gesang 528.

*Leer my u wil, Heer, u doel met my –  
U, Pottebakker, met my, die klei.  
Vorm my en maak my volgens u wil;  
op U vertrou ek, nederig stil.*

*Leer my u wil, Heer, u plan vir my;  
laat ek nie doelloos, nutteloos bly.  
Hou my erkentlik, Heer, in u werk:  
As ek dan swak is, maak U my sterk.*

*U gee u gawes net soos U wil;  
almal is diensbaar, elk met verskil.  
Vul met u Gees my, breekbare kruik,  
dat U my oral nuttig gebruik. Amen.*